



Jou toekoms is belangrik!!!

Hersiening, Inoefening en Vaslegging

Werkopdrag – Persentasie

Wat jy moet weet!!!

1. Persentasie word daagliks in baie omstandighede gebruik
2. Persentasie is 'n ander skryfvorm van gewone en desimale breuke
3. Ons kan gewone breuke, desimale breuke en persentasie omskakel
4. Persentasie is altyd uit 100 (noemer is altyd 100)
5. Ons punte in die skool word as 'n persentasie uitgedruk
6. Party beroepe kry persentasie salarisverhogings
7. Jy kry 'n persentasie afslag by sekere winkels

Vraag 1 – Hersiening met gewone en desimale breuke:

1.1 Herlei die volgende gewone breuke na desimale breuke.

1.1.1 $\frac{3}{4} = \dots$

1.1.2 $\frac{3}{5} = \dots$

1.1.3 $\frac{5}{6} = \dots$

1.1.4 $\frac{7}{8} = \dots$

1.1.5 $\frac{3}{10} = \dots$

1.1.6 $\frac{17}{20} = \dots$

1.2 Herlei die volgende desimale breuke na gewone breuke in die eenvoudigste vorm.

1.2.1 $0,25 = \dots$

1.2.2 $0,6 = \dots$

1.2.3 $0,375 = \dots$

1.2.4 $0,256 = \dots$

1.2.5 $4,650 = \dots$

1.2.6 $12,048 = \dots$

1.3 Vul die ontbrekende getalle in.

1.3.1 $\frac{1}{5} = \dots$ honderdstes

1.3.2 $\frac{3}{10} = \dots$ honderdstes

1.3.3 $\frac{13}{20} = \dots$ honderdstes

1.3.4 $\frac{18}{25} = \dots$ honderdstes

1.3.5 $\frac{16}{40} = \dots$ honderdstes

1.3.6 $\frac{48}{60} = \dots$ honderdstes

2.

Kyk goed na die volgende voorbeeld!!!

Skakel 'n gewone breuk om na 'n persentasie.

$$\frac{1}{2} = \frac{50}{100} = 50\% \rightarrow \left[\frac{1}{2} \times \frac{50}{50} = \frac{50}{100} \right]$$

**Vraag 2 –
volgende breuke as persentasies:**

Skryf die

2.1 $\frac{2}{5} = \dots\%$

2.2 $\frac{7}{10} = \dots\%$

2.3 $\frac{19}{20} = \dots\%$

2.4 $\frac{17}{25} = \dots\%$

2.5 $\frac{42}{60} = \dots\%$

2.6 $\frac{28}{40} = \dots\%$

Vraag 3 – Skryf die volgende persentasies as gewone breuke in die eenvoudigste vorm:

3.1 34% = ...

3.2 27% = ...

3.3 45% = ...

3.4 82% = ...

3.5 100% = ...

3.6 55% = ...

Kyk goed na die volgende voorbeeld!!!

Skakel 'n desimale breuk om na 'n persentasie.

$$0,5 = \frac{5}{10} = \frac{50}{100} = 50\%$$

Vraag 4 – Skryf die volgende desimale breuke as persentasie:

4.1 0,3 = ...

4.2 0,9 = ...

4.3 0,94 = ...

4.4 0,57 = ...

4.5 0,06 = ...

4.6 0,020 = ...



Vraag 5 – 'n Lekker kopkrapper!!!

Ek en my maat deel 'n groot pizza van 12 gelyke dele. Ons eet $\frac{1}{3}$ van die helfte van die pizza

en gee 1 stuk vir my boetie. Watter persentasie van die pizza is oor?

3.

Vraag 6 – Bereken die persentasie van 'n heelgetal:

Kyk goed na die volgende voorbeeld!!!

Bereken 25% van R200

Stap 1 – skakel eers die persentasie om na 'n gewone breuk
 $25\% = \frac{25}{100} = \frac{1}{4}$

Stap 2 – skryf nou jou oop getalsin
 $\frac{1}{4} \times \frac{200}{1}$

Stap 3 – voltooi die berekening
 $200 \div 4 = 50$ en $50 \times 1 = 50$
 $\therefore 25\% \text{ van R200} = \text{R50}$

Bereken
volgende...

nou die

6.1 10% van R180

6.2 20% van 250

6.3 50% van 750 ml

6.4 30% van 240 cm


6.5 15% van 80 kg

6.6 25% van 36 leerders

Vraag 7 – Ons kan ook persentasie bereken by grafieke:

Hierdie sirkelgrafiek toon die persentasie deelname aan sportsoorte van die leerders in ons klas. Ons klasgrootte is 36 leerders.

Bestudeer die grafiek en beantwoord dan die vrae:



4.

7.1 Watter twee sportsoorte het dieselfde getal deelnemers?

7.2 Watter sportsoort het die meeste deelnemers?

7.3 Watter sportsoort het die minste deelnemers?

7.4 Hoeveel dogters speel netbal?

7.5 Hoeveel leerders speel hokkie en tennis?

Vraag 8 – Teken oor en voltooi die volgende tabel:

Gewone breuke (Vereenvoudig)	Desimale breuke	Persentasie
$\frac{1}{4}$		
	0,75	
		72%
$\frac{4}{5}$		
	0,48	
		58%